LINDENNUUS

26 Mei 2017

KALENDER VIR DIE KOMENDE WEEK

Datum	Aktiwiteit
Vrydag, 26 Mei	ATKV-Redenaars Semifinaal
Saterdag, 27 Mei	Oratoria Uitvoering deur Lindenkoor ATKV-Debat Semifinaal
Dinsdag, 30 Junie	Netbal vs Florida
Donderdag, 1 Junie	Blokdag
Vrydag, 2 Junie	Eksamen begin

INSKRYWING VAN GRAAD 8 LEERDERS VIR 2018

Die amptelike inskrywingsproses het op 2 Mei geopen en sluit 12 Junie 2017. Heelwat Lindeniete is reeds ingeskryf. Ons wil egter voornemende ouers aanmoedig om so gou as moontlik die inskrywingsproses af te handel.

Twee inskrywingsprosedures word gevolg, nl:

- Hoërskool Linden Inskrywing (vorm word voltooi en by die skool ingedien); en
- Gauteng Departement van Onderwys Inskrywing (aanlynregistrasie by www.gdeadmissions.gov.za)

Beide prosesse moet asseblief voltooi word en stawende dokumente verskaf word. Enige navrae in verband met die inskrywingsprosedure kan aan me. Elize Dames gerig word by 011 888 1433 of elize.dames@linden.co.za.

Hoërskool Linden se deure staan altyd oop

Voornemende ouers of amper-Lindeniete (Graad 7-leerders) wat nog onseker voel of vrae het, is meer as welkom om by Hoërskool Linden besoek af te lê. Kom stap ‘n draai deur die skool, maak ‘n afspraak met ons personeel, woon ons sport-, kultuur- en/of kuiergeleenthede by en volg ons op Facebook en Instagram.

Hoërskool Linden se mense is bekend as ‘n verwelkomende gemeenskap. Ons is gefokus om geleenthede vir jongmense te skep waar hulle kan groei, hulself na hartelus kan uitleef en uiteindelike tot volwaardige volwassenes kan ontwikkel. By Hoërskool Linden bied ons méér as top-gehalte onderwys. Ons skep ‘n ruimte waar elkeen kan tuis voel.

Kom gesels met ons. Kontak gerus ons skakelbeampte, Marianne Gouws by 011 888 1433 of bemarking@linden.co.za

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

SPORT

Die afgelope week het ons sportspanne weer geskitter op hulle onderskeie sportvelde. Baie geluk aan al die seuns en dogters wat puik presteer het. Die uitslae was soos volg:

DOGTERSHOKKIE

Teen Trinity College:

1e span gelykop 1 - 1
2e span wen 1 - 0
o.16 verloor 1 - 0
o.15 gelykop 0 - 0
o.14 wen 5 - 0

NETBAL

Teen Hoërskool Randburg:

Eerste span wen 24 - 19
o.17A wen 26 -13
o.16A wen 25 - 11
o.15A verloor 18 - 24
o.14A verloor 16 - 17

SEUNSHOKKIE

Teen King's College:

Eerste span gelykop 2 - 2
o.16 wen 1 - 0

RUGBY

Teen Hoërskool Randburg:

Eerstespan wen 20 -14
Tweedespan verloor 22 - 12
o.16A verloor 22 - 17
o.15A verloor 5 - 10
o.14A wen 26 - 19

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

KULTUUR

ATKV-DEBAT SEMIFINAAL

Hoërskool Linden maak dit ‘n algemene gebruik om provinsiaal mee te ding. Die afgelope week het ons junior debatspan by name Niel Botha, Dané Taljaard en Delné Weideman alles in die styrd gesit vir hulle finale voorbereiding. Dit is maande se bloed sweet en harde werk. Ons wens hulle baie sterkte toe waar hulle Saterdag teen Hoërskool Swartkop in die ATKV-Debat Semi-Finaal gaan meeding.

Sterkte aan die span – ons hou duimvas.

UITVOERING VAN UITDAGENDE ORATORIA-WERKE DEUR LINDENKOOR

Wanneer Lindenkoor môre-aand (Saterdag, 27 Mei) voor ‘n stampvol gehoor die volledige Gloria van Vivaldi en uittreksels uit Händel se Messiah uitvoer, sal elkeen van sy lede met trots kan sê dat hulle uitsonderlike klassieke musiek baasgeraak het.

Die Lindenkoor, onder leiding van Duncan Fourie, en op klavier begelei deur Gert Potgieter, sal tydens hierdie uitvoering ook ondersteun word deur ‘n volledige stryk-ensemble. Soliste, Elizabeth Lombard (alt) en Lindelle Wimbles (sopraan) tree saam met die koor op.

LindenNuus gesels met die koor se hoofleier, Ruan van der Merwe (Gr.12):

Wat was vir julle, as koorlede, die grootste uitdaging met die aanleer van die musiek?

Ongetwyfeld om die onverwagte invalle, opeenvolgende kortnote, onnatuurlike ritmes en die hoeveelheid liedere aan te leer; en natuurlik ook die kort tydperk (met min tyd) waarbinne ons dit moes aanleer.

Hoe lank het julle ingeoefen aan die musiek?

Lindenkoor het min of meer drie maande gehad om voor te berei aan beide Gloria en Messiah.

Die Oratoria-werke word beskou as musiek wat tegniese vaardighede van kunstenaars vereis. Voel jy dat julle as klassieke koor ontwikkel het?

Ongelooflik baie. Juis omdat dit so ingewikkeld is, het dit die koor se vermoë bevorder om lang werke musiek aan te leer, en komplekse invalle en lopies met oorgawe te sing.

Behalwe die musiek, wat het lede van Lindenkoor hieruit geleer?

Spanwerk, selfdissipline en groepdissipline, deursettingsvermoë (uithou, aanhou, en weer en nogmaals uithou en aanhou) en natuurlik ook ‘n liefde vir swaarder klassieke musiek.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

En persoonlik. Hoe het jy ontwikkel in jou leiersposisie binne Lindenkoor die afgelope drie maande?

Ek het geleer dat deursettingsvermoë n belangrikke eienskap is en hoe toewyding en ‘n uitdaging jou as mens vorm. Wat my egter naaste aan die hart lê is hoe meer as 100 koorlede werklik jou familie word en jou gemoed kan lig, veral wanneer jy ‘n moeilike dag gehad het.

Waarna kan die gehoor môre uitsien?
Ek dink die mense gaan verras wees met die kaliber liedere wat ons aanbied. As ek iets sou uitsonder sal dit verseker die Messiah se laaste werk wees, “Worthy is the Lamb”.

Wat is vir jou die grootste waarde van Lindenkoor?
Vyf en ‘n halfjaar van ongelooflike mense, onvergeetlike musiek en die beste tye van my hoërskoolloopbaan! Die selfdissipline en uithouvermoë wat ek aangeleer het, is prysloos. En dat ek nog boonop die eer het om dié mense te lei – dit is ‘n voorreg. Ek is Lindentrots!

ADVERTENSIES

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.